

DIE REHOBOTH-BASTERS EN DIE SUID-AFRIKAANSE INVAL IN DUITS-SUIDWES-AFRIKA, 1914-1915

G.J.J. Oosthuizen
Departement Geskiedenis
Potchefstroomse Universiteit vir CHO
Privaatsak X6001
2520 POTCHEFSTROOM

The Rehoboth Basters and the South African invasion of German South-West Africa, 1914-1915

In the course of the South African invasion (1914/15) their forced involvement in the German war effort caused great consternation among the Rehoboth Basters. They feared that should they actively support the Germans, they could lose their land and their right to self-determination. Accordingly, Captain Cornelius van Wyk visited General Louis Botha in Swakopmund in April 1915. Botha advised them to avoid becoming involved in the war effort as far as possible. The Basters, however, in spite of Botha's advice, rebelled against the Germans. The timely arrival of the South African forces in the Rehoboth *Gebiet* and the resultant withdrawal of the Germans to the north prevented the Germans from dealing the final blow to the Basters. Upon the Peace of Khorab (9 July 1915) the German administration in South-West Africa was formally ended.


Gedurende die Suid-Afrikaanse inval (1914/15) het die noodgedwonge betrokkenheid van die Rehoboth-Basters by die Duitse oorlogspoging groot ontsteltenis in Bastergeledere veroorsaak. Die Basters was bevrees dat indien hulle die Duitsers aktief sou steun, hulle moontlik hulle grondgebied en reg tot selfbestuur kon verloor. Gevolglik het kaptein Cornelius van Wyk generaal Louis Botha in April 1915 te Swakopmund besoek. Laasgenoemde het hulle aangeraai om sover moontlik nie by die oorlog betrokke te raak nie. Die Basters het egter ondanks die advies van Botha teen die Duitsers in opstand gekom. Die tydige aankoms van die Suid-Afrikaanse magte in die Rehoboth-*Gebiet* en die gevolglike onttrekking van die Duitsers na die noorde, het verhoed dat die Duitsers die Basters die finale nekslag toedien. Met die Vrede van Khorab (9 Julie 1915) is die Duitse administrasie in Suidwes-Afrika formeel beëindig.

1. Inleiding

Die groep mense van gemengde afkoms wat gedurende die agtiende eeu in die Noordwes-Kaap hulle ontstaan gehad het, en later as die Rehoboth-Basters bekend geword het, het in 1868 die Kaapkolonie verlaat en hulle in 1870 in Rehoboth en omgewing in die gebied wat later as Duits-Suidwes-Afrika bekend was, gevestig. Hulle voorkoloniale vestiging (1868-1884) is ge-

Historia 39(2), November 1994

Kaart Ligging van die Rehoboth-Gebiet in Suidwes-Afrika



toomgestel deur skrywer

kenmerk deur vrugtelose pogings om die Rehoboth-*Gebiet*¹ as permanente woongebied te bekom en om neutraliteit te midde van die Herero-Nama-Oorlam-konflik te handhaaf.

Die vestiging van Duise gesag in Suidwes-Afrika is gevolglik deur die Rehoboth-Basters aangegrryp om hulle eie posisie te beveilig. In September 1885 is die sogenaamde Vriendskaps-en Beskermingsverdrag tussen die Basters en die Duitsers gesluit. Alhoewel dié verdrag in 'n groot mate die reeds verworwe vryheid en regte van die Basters bekragtig het, is die selfstandige gesagsuitoefening van die Kaptein en Basterraad, veral betreffende "*buitelandse beleid*", aansienlik ingekort. Die Rehoboth Basters is mettertyd toenemend betrek by die Duitse poging om die inheemse inwoners te onderwerp. Kragtens die militêre verdrag van 26 Julie 1895 is die Basters as soldate opgelei en tot militêre diens verplig. Alhoewel die Rehoboth-Basters ongetwyfeld tydens die Duitse bestuurtydperk meer voorregte as ander inheemse bevolkingsgroepe geniet het, is ook ander aspekte van hulle bevoorregte posisie, ondanks die 1885-onderneming en volgehoue lojaliteit soos onder andere prakties bewys deur waardevolle militêre bystand te verleen, geleidelik ingekort. In dié opsig was dit veral belastingpligtigheid, geleidelike toepassing van Duitse wette, die afskaffing van die kapteinskapp en die aantasting van die selfstandige gesagsuitoefening van die Basterraad wat ontevredeheid uitgelok het. Daarbenewens het die hantering van grens- en grondkwessies ook 'n wig ingeslaan in die aanvanklik vriendskaplike Baster-Duitse betrekkinge.²

2. Herinstelling van die Basterkorps

Die Eerste Wêreldoorlog wat in Augustus 1914 uitbreek het, was 'n dramatiese gebeurtenis met verreikende gevolge vir die streek. Op versoek van Brittanje het die Suid-Afrikaanse regering besluit om die hawens Swakopmund en Lüderitzbucht te beset en die verskeie radiostasies in die gebied te elimineer.³ In Suid-Afrika self het dié besluit heftige teenkanting uitgelok en tot die uitbreek van die Rebelle gelei. Gevolglik is die inval 'n tyd lank vertraag.⁴ Dit het aan die Duitse bewindhebbers in Duits-Suidwes-Afrika die geleentheid gegee om finale militêre voorbereidings te tref.

Bewus van eie beperkte verdedigingsvermoëns,⁵ en kennelik op hoogte van die militêre mag wat Suid-Afrika teen hom in die veld sou kon stoot,⁶ sou goewerneur dr. T. Seitz en militêre bevelhebber Oberstleutnant von Heydebreck hulle daarop toelê om die Suid-Afrikaanse invalsmagte so lank moontlik besig te hou, met die hoop op 'n Duitse oorwinning in Europa. Om in dié doel te probeer slaag het hulle besluit om ook nie-Duitsers vir militêre diens op te

Die woord *Gebiet* dateer uit die Duitse regeringstydperk en het gedurende die Suid-Afrikaanse bewind behoue gebly.

2. G.J.J. Oosthuizen, "*Die Rehoboth-Basters binne die konteks van die staatkundige verhoudinge tussen Suidwes-Afrika en Suid-Afrika, 1915-1939*" (Ph.D., PU vir CHO, 1993), p. 313.
3. G-M. Cockram, *South West African mandate* (Cape Town, 1976), pp. 13, 15; Argief van die Suid-Afrikaanse Weermag (SAW) Unie van Zuid-Afrika, Departement van Verdediging, *Rapport voor het jaar geëindigd 30 Junie 1921*, pp. 6-7.
4. T.R.H. Davenport, *South Africa. A modern history* (Bergvlei, 1988), pp. 271-272.
5. Die Duitsers kon skaars 'n mag van 5 000 troepe bymekaar skraap. Kyk E.L.P. Stals, *Die rol van Viktor Franke in Suidwes-Afrika 1896-1915* (Johannesburg, 1972), pp. 63, 65.
6. In Maart 1915 het Suid-Afrika 43 401 man en aan die einde van die veldtog 67 237 man in die veld gehad. Kyk Public Record Office, London (PRO) CO 551:129, a Historical Record of the campaign in German South West Africa, ca. October 1920, p. 55; SAW, Unie van Zuid-Afrika, Departement van Verdediging, *Rapport voor het jaar geëindigd 30 Junie 1921*, p. 7.

roep.⁷ Dit het tot gevolg gehad dat die Basters hulle openlik teen die Duitse regering verset het.

Op grond van die bevel van die aanvoerder van die Schutztruppe dat alle weerbare Bastermans opgeroep moet word, het Hauptman Freiherr Hiller von Gaertringen, die Duitse magistraat (Bezirksamtman) van Rehoboth, vroeg in Augustus 1914 'n vergadering met die Basterraad befê.⁸ Sy versoek om die Duitsers behulpsaam te wees met die beskerming van Duits-Suidwes-Afrika is met heftige teenkanting begroet. Die Raadslede het hulle beroep op die militêre verdrag van 26 Julie 1895 en daarop gewys dat dit slegs van toepassing was op binnelandse oorloë en boonop intussen verval het. Verder het hulle beweer dat skaars vyftig lede van die ou Basterkorps in staat was om militêre diens te verrig en dat hulle kinders geen militêre opleiding gehad het nie.⁹ Die Basters wou, ten slotte, op grond daarvan dat dit 'n stryd tussen blankes was, nie betrokke raak nie.¹⁰


'n Basterafvaardiging het gevolglik goewerneur Seitz besoek, met die versoek dat hulle neutraal bly. Seitz het hulle egter verseker dat dit om 'n stryd tussen blankes gaan en dat hulle slegs gebruik sou word om polisie diens agter die front te verrig. Daartoe het die Basters ingestem.¹¹ Ter bevestiging van die onderhandelinge het Seitz op 21 Augustus 1914 'n skriftelike onderneming aan die Basterraad gestuur "*dass die Bastardkompagnie eingezogen ist, um die Ruhe und Sicherheit im Lande (beklemtoning GJJO) aufrecht zu erhalten und Viehdiebe und andere Räuber zu fangen. Die Bastards werden nicht zum Kampfe gegen Weisse(n) verwendet werden*".¹²

In die lig van die versekering dat hulle nie teen blankes aangewend sou word nie en onder die indruk dat hulle net in die Rehoboth-Gebiet aangewend sou word, het die Basters ingestem tot die herinstelling van die Basterkorps,¹³ wat nog voor die einde van Augustus 1914 met 176 man beslag gekry het.¹⁴ Die korps was onder bevel van die Duitse offisiere Hauptmann von Gaertringen, Oberleutnant von Kleist, Leutnant von Milkau en Leutnant von Könitz, asook twaalf onderoffisiere.¹⁵ Aan die hele Basterkorps is Duitse uniforms uitgereik. Die Basters kon nie die nodigheid daarvan insien nie en was bevrees dat hulle, geklee in Duitse militêre uniforms, later as soldate aangewend sou word. Die dra van die uniforms het gevolglik groot ontevredenheid veroorsaak.¹⁶

Die Basterkorps is spoedig ná sy instelling verskuif na Nauchas en later in November na Kraaipoot, buite die Rehoboth-Gebiet. Die Basters het dié optrede as troubreuk beskou. Hulle was blykbaar onder die indruk dat Seitz met "*im Lande*" slegs die Rehoboth-Gebiet bedoel het.¹⁷ Dié interpretasie is egter strydig met die militêre verdrag van 1895. In paragraaf nege word byvoorbeeld deur die Duitse regering onderneem om so ver moontlik by te dra tot die versorging van die weduwees en kinders van Basters wat "*ausserhalb des Rehobother Gebietes*" gesneuwel het.¹⁸ Die Basters het trouens kragtens die 1895-verdrag oor die algemene ywerig

-
7. P. Pearson, *The history and social structure of the Rehoboth Baster community of Namibia* (MA, University of the Witwatersrand, 1986), p. 156.
 8. O. von Weber, *Geschichte des Schutzgebietes Deutsch-Südwest-Afrika* (Windhoek, 1974), p. 219.
 9. H. von Oelhafen, *Der Feldzug in Südwest 1914/15* (Berlin, 1923), p. 144.
 10. Nasionale Argief, Windhoek (NAW) A312:14/45, Survey of International Affairs, 1929, no III, p. 19.
 11. K.F.R. Budack, "Der 'Bastardaufstand' in Deutsch-Südwestafrika", *Afrikanischer Heimatkalender*, 1974, p. 43.
 12. D. de Waal, *Report on the inquiry in regard to the German-Bastard question held at Rehoboth and other places in the Military Protectorate in June, 1915* (Pretoria, 1915), p. 32.
 13. O. von Weber, *Geschichte des Schutzgebietes ...*, p. 219.
 14. D. de Waal, *Report on the inquiry in regard to the German-Bastard question ...*, pp. 9, 18-19; *Die Suidwes-Afrikaner*, 22-09-1970.
 15. H. Grimm, *Das deutsche Südwest-Buch* (München, 1937), p. 376; H. von Oelhafen, *Der Feldzug ...*, p. 145.
 16. D. de Waal, *Report on the inquiry in regard to the German-Bastard question ...*, pp. 18-19.
 17. D. de Waal, *Report on the inquiry in regard to the German-Bastard question ...*, p. 9.
 18. NAW Quellen 22b, Auszug aus dem Bericht von Missionar F. Heidmann, 24-09-1895 (Rehoboth), p. 427.

Kaart 2 : Plekname, spoor- en padverbindings in en om die Rehoboth-Gebiet



Saamgestel deur skrywer

meegedoen aan die onderdrukking van verskillende opstande en nie beswaar aangeteken dat hulle buite die Rehoboth-Gebiet aangewend is nie.¹⁹

Gevolgtlik is Samuel Beukes en Albert Mouton, as verteenwoordigers van die Basterraad, na Kraaipoot om beswaar aan te teken. Von Gaertringen en dr. Kleist het belowe om hulle besware aan die Duitse owerheid in Windhoek oor te dra. Die Bastersoldate is egter kort daarna verder weswaarts na Jakkalswater gestuur en 'n aantal nog verder van die Rehoboth-Gebiet, na Ururas aan die Walvisbaai-grens. Basterprotes teen hierdie optrede het op dowe oré geval.²⁰

Dié optrede om die Bastersoldate, ten spyte van volgehoue protes, buite die Rehoboth-Gebiet aan te wend het groeiende spanning in die Baster-Duitse verhoudinge tot gevolg gehad.

3. Die krygsgevangenekamp by Uitdraai

In Februarie 1915 het 'n aantal Duitse onderoffisiere en Bastersoldate onder bevel van Oberleutnant Hunoldt 'n krygsgevangenekamp by Uitdraai (geleë aan die spoorlyn ongeveer 25 kilometer suidoos van Rehoboth), bestem vir 120 Suid-Afrikaanse krygsgevangenes wat tydens gevegte by Sandfontein gevangene geneem is, ingerig. Ongeveer 'n week na hulle aankoms het die krygsgevangenes gearriveer. Hauptmann von Gaertringen het van meet af aan besware geopper oor die aanwending van 46 Basterwagte, wat deur bande van bloed en taal met die Suid-Afrikaners verbind was. Hulle kon egter weens 'n tekort aan mannekrag nie vervang word nie.²¹

Die Basters was hewig ontsteld, want hulle het hierdie opdrag beskou as lynreg in botsing met die belofte dat hulle nie teen die Suid-Afrikaanse magte aangewend sou word nie. Die Basterwagte het by die Basterraad beswaar aangeteken, en laasgenoemde het op sy beurt by die Duitse owerheid geprotesteer, sonder enige sukses.²²

Die Basters het die Suid-Afrikaners verseker dat hulle onder dwang as wagte diens doen en by die eerste en beste geleentheid die wapen sou neerlê.²³ Die Basterwagte het boonop verskeie krygsgevangenes wat van voorneme was om te ontsnap, van die nodige proviand voorsien.²⁴ Daarteenoor was die Suid-Afrikaners ontsteld omdat hulle deur gekleurdes bewaak is en het gedreig dat hulle vervolgt sou word na die oorwinning van die Suid-Afrikaanse magte. Die Duitsers, deeglik bewus van die Basters se twyfelagtige lojaliteit, het die krygsgevangenes verbied om met die Basterwagte te praat²⁵ en het die wagte tot drie patrone elk beperk.²⁶

Generaal Louis Botha, bevelvoerder van die Suid-Afrikaanse magte, het reeds in Februarie 1915 met Obersteleutnant Franke, opvolger van Von Heydebreck,²⁷ in verbinding getree oor die

19. Kyk G.J.J. Oosthuizen, "Die Rehoboth-Baster ...", pp. 37-45, 47-49.

20. I. Goldblatt, *History of South West Africa from the beginning of the nineteenth century* (Cape Town, 1971), p. 204; H. Grimm, *Das deutsche Südwest-Buch*, pp. 378, 381; R. Hennig, *Deutsch-Südwest im Weltkrieg* (Berlin, 1920), p. 216.

21. H. von Oelhafen, *Der Feldzug ...*, p. 146; D. de Waal, *Report on the inquiry in regard to the German-Bastard question ...*, pp. 9, 18-19.

22. D. de Waal, *Report on the inquiry in regard to the German-Bastard question ...*, p. 9.

23. P. Pearson, *The history and social structure ...*, p. 157.

24. H. von Oelhafen, *Der Feldzug ...*, p. 146.

25. P. Pearson, *The history and social structure ...*, p. 157.

26. H. von Oelhafen, *Del Feldzug ...*, p. 146.

27. Obersteleutnant von Heydebreck is in November 1914 oorlede en is deur Viktor Franke as bevelvoerder van die Duitse mag opgevolg. Kyk G. Pool, *Pionierspoorweë in Duits-Suidwes-Afrika 1897-1915* (Durban, 1982), p. 256; H.E. Lenssen, *Chronik von Deutsch-Südwestafrika. Eine kurz gefasste Aufzählung geschichtlicher Ereignisse aus der Deutschen Kolonialzeit von 1883-1915* (Windhoek, 1966), pp. 219, 229.



Kaptein Cornelius van Wyk, ca. 1915

(Nasionale Argief, Windhoek)

aanwending van gewapende nie-blankes. Só byvoorbeeld is 'n gesneuwelde Bastersoldaat in Duitse militêre uniform na die aanval op Keimoes gevind. Verder was hy ook bewus van 'n groot aantal gewapende nie-blankes van die Kameroen²⁸ wat hulle by Omaruru bevind het. Botha het onderneem om die aantal gewapende nie-blankes in sy diens te ontwapen en hy sou voortaan slegs van gewapende blankes gebruik maak. Hy het Franke versoek om so spoedig moontlik dieselfde onderneming te gee.²⁹ Franke het Botha verseker dat sowel die Kameroen- as die Basterkompanies uitsluitlik gebruik word om polisiediens onder die plaaslike nie-blankes te verrig. Hy het hom onomwonde verontskuldig dat hy nie-blankes aanwend om teen blankes te veg, en geïmpliseer dat Botha in dié verband in die beskuldigdebank behoort te staan.³⁰

4. Kaptein Cornelius van Wyk ontmoet generaal Louis Botha

Terwyl die oor-en-weer-beskuldigings tussen Franke en Botha oor die aanwending van nie-blankes aan die gang was, het die toenemende betrokkenheid van die Bastersoldate by die Duitse oorlogspoging groot ontsteltenis binne die Bastergemeenskap veroorsaak. Die Basterraad het derhalwe besluit dat kaptein Cornelius van Wyk hul posisie so spoedig moontlik aan die Suid-Afrikaanse militêre owerheid moet verduidelik.³¹ Van Wyk het in Februarie of Maart 1915 toestemming verkry om die wildreservaat in die Kuiseb-Swakop-gebied te besoek, onder die voorwendsel dat hy bostee en sout wou gaan soek. In werklikheid het hy deur die onherbergsame Namibrandgebied gereis om kontak met die Suid-Afrikaners te maak.³² Hy is vergesel deur Samuel Beukes en Dirk van Wyk. Op 1 April is hy deur generaal Botha te woord gestaan.³³

Ongelukkig is die gesprek nie op skrif gestel nie, en gevolglik is daar heelwat onduidelikhede daaroor. Generaal Botha het wel aan generaal J.C. Smuts gekabel dat hy met Van Wyk 'n samespreking gevoer het en dat die Basterleier "*well disposed*" jeens die Suid-Afrikaanse regering was.³⁴ Volgens die Basterweergawe het Van Wyk 'n afskrif van die 1885-ooreenkoms aan generaal Botha gegee. Nadat die Generaal dit gelees het, het Van Wyk die situasie waarin sy mense verkeer het, verduidelik. Op 'n vraag of Botha, indien hy die land sou verower, die Basterregte sou respekteer, het hy volgens Basteroorlewering soos volg geantwoord: "Al wat daardie traktaat vir julle gee, sal julle minstens hou."³⁵ Geen dokumentêre getuïenis bestaan om die geldigheid van hierdie onderneming te staaf nie.

Botha het tydens die onderhoud die Basterkaptein versoek om nie by die oorlog betrokke te raak nie en benadruk dat hy onder geen omstandighede enige militêre bystand van die Basters sou aanvaar nie.³⁶

28. Kyk H.E. Lennssen, *Chronik von Deutsch-Südwestafrika* ..., p. 235.

29. PRO CO 551:72, Letter Botha - Franke, 28-02-1915, p. 2.

30. PRO CO 551:72, Letter Franke - Botha, 11-03-1915, p. 2.

31. D. de Waal, *Report on the inquiry in regard to the German-Bastard question* ..., pp. 9, 18.

32. H. von Oelhafen, *Der Feldzug* ..., p. 146; R. Hennig, *Deutsch-Südwest* ..., p. 217.

33. NAW Mem. 4/24, J.D. Viall, *The History of the Rehoboth Basters*, p. 25; W.S. Rayner and W.W. O'Shaughnessy, *How Botha and Smuts conquered German South West. A full record of the campaign from official information by Reuter's special war correspondents who accompanied the forces sent by the Government of the Union of South Africa* (London, 1916), p. 262.

34. P.F. van der Schyff, "Eric H. Louw in die Suid-Afrikaanse politiek tot 1948" (D.Litt., PU vir CHO, 1974), pp. 70-71. Volgens Van der Schyff se navorsing het Eric Louw as wetsadviseur vir Van Wyk opgetree.

35. U.G. 41-1926, *Rapport van die Rehoboth Kommissie*, p. 233; NAW Mem. 4/24, J.D. Viall, *The History of the Rehoboth Basters*, pp. 25-26.

36. PRO CO 551:72, Daily Bulletin no. 206, 3-05-1915, p. 538.

Cornelius van Wyk se motivering aan Botha, dat die Basters nie aan Duitse kant wou veg nie, omdat hulle volgens geboorte Britse onderdane was,³⁷ het geen regverdiging nie. Die Basters het besef dat, indien hulle nie hul pogings om neutraal te bly onomwonde aan die Suid-Afrikaners verduidelik nie, hulle moontlik hul grondgebied en selfbestuur sou verloor.³⁸

5. Beplande verskuiwing van die Basterkorps na die Noorde

Weens die militêre suksesse van die Suid-Afrikaanse magte het dit vir die Duitsers dringend noodsaaklik geword om die krygsgevangenes en die Basterkorps na die noorde van Suidwes-Afrika te verskuif.³⁹ Von Gaertringen het gevolglik die Basterraad op 13 April 1915 van die beplande verskuiwing na Otjiwarongo in kennis gestel. Die Basterraad het geweier om aan die versoek te voldoen. Hulle was bevrees dat, indien die Basterkorps na die Noorde sou verskuif, die Suid-Afrikaners nie meer hulle neutraliteit sou erken nie.⁴⁰

Von Gaertringen het dus 'n byeenkoms tussen die Basterraad en Oberstleutnant Franke vir die volgende oggend by die Rehoboth-stasie, ongeveer 12 km van Rehoboth, belê. Franke het raadslede Samuel Beukes, Pieter Mouton, Martinus Swart, Daniël Cloete en Carolus Swart versoek om toe te laat dat die Basterkorps noordwaarts verskuif word om gevangenes op te pas. Dit het hulle geweier. Franke het daarop aan hulle drie dae tyd gegun om te besluit tussen verskuiwing of ontwapening en opgemerk dat die Suid-Afrikaners enige gewapende Baster wat hulle sou teëkom, aan die naaste boom sou ophang. Volgens Samuel Beukes het Franke aan Von Gaertringen na afloop van die samesprekings in Duits opgemerk dat indien hulle sou weier, hulle op een hoop doodgeskiet sou word.⁴¹ Dit is egter onwaarskynlik dat Franke, terwyl dié sensitiewe onderhandelinge aan die gang was, ooit so 'n onverantwoordelike uitlating sou maak het. Wat ook al die feitlike waarheid, is dit duidelik dat Beukes so 'n dreiging ervaar het, en dit het sekerlik sy verdere optrede bepaal.

Franke het op 17 April na Rehoboth-stasie teruggekeer om persoonlik die Basters se besluit te verneem. Von Gaertringen en sy sekretaris Widmann het raadslede Mattheus Gertze, Albert Mouton en Carolus Swart na Rehoboth-stasie vergesel.⁴² Gertze het die tweede ontmoeting só beskryf: "When Franke saw us, he greeted us, and asked us what our names were. He said that we should allow our soldiers to go to the north and that we should surrender our arms. We did not reply. He knew what our reply was. He said that he would give us five to six days to decide. Thereupon he entered his railway carriage and left by train."⁴³

Gertze het egter in sy getuienis die feit verswyg dat die aanwesige Raadslede self om uitstel gevra het, om sodoende hulle volksgenote intensiewer teen die Duitsers te beïnvloed.⁴⁴ Sy weergawe van die Duitse optrede laat blyk dat hy dit as hooghartig en ontoeskiedlik ervaar het.

37. NAW SWAA A206/3 Rehoboth Baster Gebiet. Rehoboth affairs (annexure A), Brief C. van Wyk - T.L. Schreiner, 27-08-1917, p. 1.

38. *Allgemeine Zeitung*, 21-09-1920.

39. O. von Weber, *Geschichte des Schutzgebietes* ..., p. 219.

40. K.F.R. Budack, "Der 'Bastardaufstand' ...", p. 47.

41. Cd 9146, Union of South Africa, *Report on the natives of South-West Africa and their treatment by Germany* (Pretoria, 1918), p. 128; H. von Oelhafen, *Der Feldzug* ..., p. 147.

42. D. de Waal, *Report on the inquiry in regard to the German-Bastard question* ..., p. 22; H. von Oelhafen, *Der Feldzug* ..., p. 147; R. Hennig, *Deutsch-Südwest* ..., p. 219.

43. D. de Waal, *Report on the inquiry in regard to the German-Bastard question* ..., pp. 10, 22.

44. H. von Oelhafen, *Der Feldzug* ..., p. 147; O. von Weber, *Geschichte des Schutzgebietes* ..., p. 220.

6. Bastersoldate dros by Uitdraai

Terwyl die onderhandelinge oor verskuiwing op hoë vlak gevoer is, het die Basterwagte by Uitdraai op 17 April self hulle misnoë met die voorgenome optrede aan die Basterraad te kenne gegee deur te dreig om te dros. Ongeveer om middernag het die beslissing van die Basterraad hulle bereik. Die Raad het hulle dringend versoek om geduld te beoefen, aangesien hulle nog besig was om te onderhandel. Die Basterraad was egter nie daarvan bewus nie dat die trein wat sowel die krygsgevangenes as die Basterwag die volgende môre na die Noorde sou vervoer, reeds gearriveer het.⁴⁵

Gedurende die nag van 17 en 18 April het die Basterwagte gedros. Ongeveer die helfte was bewapen met Duitse gewere en die ander in besit van hulle eie wapens. Volgens Frederick Draghoender, een van die wagte, was hulle voornemens om die Duitse wapens by hulle hoofkwartier in Rehoboth terug te besorg. Hulle het nie 'n rebellie teen die Duitsers beplan nie, maar het gedros uit protes teen hulle ontplooiing teen die Suid-Afrikaners en die besluit om hulle noordwaarts te verskuif. Teen twaalfuur die volgende oggend het hulle Rehoboth, ongeveer 25 km van Uitdraai, bereik.⁴⁶ Teen die middag van 18 April het sowat 300 gewapende Bastermans⁴⁷ hulle in twee laers onder bevel van Dirk van Wyk en Samuel Beukes, onmiddellik ten suide en weste van Rehoboth, verskans.⁴⁸

Oberleutnant Hunoldt het vroeg-oggend die gebeure telegrafies na Rehoboth deurgesein, en die Etappenkommandeur, Hauptmann Müller, het Windhoek dadelik versoek om versterkings te stuur. Dieselfde dag nog het die eerste versterkings onder Oberleutnant Bach by Rehoboth-stasie aangekom.⁴⁹

7. Pogings tot ontwapening

Gedurende die vroeë oggendure van 18 April 1915 is besluit om die oorblywende Bastersoldate by Rehoboth, Sandputs, Vaalkrans en Kraaipoot te ontwapen. Twee wagte, Klaas van Wyk en Jacob Morkel, wat regeringsperde by Rehoboth moes oppas, is deur Wachmeister Buertner en vyf man ontwapen en gearresteer. Morkel het egter kort daarna ontsnap, waarop 'n skoot op hom afgevuur is. Dit het groot ontsteltenis veroorsaak, en sommige Basters het in die rigting van die berge begin vlug.⁵⁰ Die ontwapening van die Basters by Vaalgras en Kraaipoot het sonder enige voorval verloop.⁵¹

By Sandputs, ongeveer 12 km wes van Rehoboth, was agt Duitse en nege Bastersoldate onder bevel van dr. Bauer, 'n veearts. Die Bastersoldate is op 18 April, omstreeks 03:00 ontwapen, waarop die Duitsers na die huis van 'n ander Bastersoldaat, ene Coetzee, gegaan het om hom ook te ontwapen. Skote wat op die onvluggende Coetzee afgevuur is, het vyf van die gearresterdes só ontstel dat hulle probeer ontvlug het. Petrus Beukes is in die daaropvolgende skietery gedood. Nuus van dié voorval het soos 'n veldbrand deur die hele Rehoboth-Gebiet versprei. Vrouens en kinders het in die rigting van Sam Kubis gevlug.⁵²

45. D. de Waal, *Report on the inquiry in regard to the German-Bastard question ...*, pp. 10, 28.

46. R.G. Britz, L. de Vries en A. Olivier, *Ons Eeufees 1870-1970* (Rehoboth, 1970), pp. 48-49.

47. R. Hennig, *Deutsch-Südwest ...*, p. 219; H. von Oelhafen, *Der Feldzug ...*, p. 148.

48. D. de Waal, *Report on the inquiry in regard to the German-Bastard question ...*, pp. 11, 29.

49. R. Hennig, *Deutsch-Südwest ...*, p. 219; H. von Oelhafen, *Der Feldzug ...*, p. 148; NAW A566:1, *Der Feldzug in Deutsch-Südwestafrika 1914/15*, p. 88.

50. D. de Waal, *Report on the inquiry in regard to the German-Bastard question ...*, pp. 20, 26.

51. H. Grimm, *Das deutsche Südwest-Buch*, pp. 383-384.

52. D. de Waal, *Report on the inquiry in regard to the German-Bastard question ...*, pp. 11, 29; R. Hennig, *Deutsch-Südwest ...*, p. 220.

Dié pogings tot ontwapening en die dood van die ongewapende Petrus Beukes het die spanning tot 'n breekpunt gevoer. In 'n poging om die gespanne situasie te ontloot, is verdere Baster-Duitse onderhandelinge aangeknoop.

Die Basterleiers Mattheus Gertze, Klaas Draghoender, ene Klaasen, Carolus Swart en Willem Koopman het op 18 April na Windhoek vertrek om die Goewerneur te spreek. Goewerneur Seitz het om 09:00 op 19 April die Basterleiers te woord gestaan. Benewens Seitz en die Basterleiers, was Oberstleutnant Bethe, Oberstleutnant Franke, Hauptmann von Gaertringen en sendeling Adolf Blecher van Rehoboth teenwoordig. Laasgenoemde het as tolk opgetree. Seitz het die toedrag van sake aan die laksheid van die Basterraad toegeskryf, waarop hulle ter verdediging aangevoer het dat hulle Von Gaertringen van meet af aan op hoogte van sake gehou het. Seitz het die Basters daarop gewys dat Duitsland in 'n gunstige posisie was en dat die Suid-Afrikaners spoedig Duits-Suidwes-Afrika sou moes verlaat. Die Basters sou dan moes rekenskap gee van hulle dwase optrede. Seitz het die Basterleiers opdrag gegee om al die regeringsgewere te oorhandig en Oberstleutnant Bethe afgevaardig om onderhandelinge in Rehoboth voort te sit.⁵³

Oberstleutnant Bethe het dieselfde dag saam met die Basterleiers na Rehoboth vertrek waar hulle die aand arriveer het. Spoedig na hulle aankoms het Bethe vir Klaas Draghoender na die laers van Samuel Beukes en Dirk van Wyk gestuur, met die versoek dat die Raadslede hom moet ontmoet. Slegs Pieter Beukes en Albert Mouton het aan die versoek gehoor gegee. Bethe het toe opdrag gegee dat uitgereikte regeringwapens aan hom oorhandig moet word, maar hy het beklemtoon dat die Basters hul eie wapens kon behou.⁵⁴

Tot en met 21 April is slegs agtien ou en onbruikbare wapens ingelewer. Behte het daardie dag na Windhoek teruggekeer om aan die Goewerneur verslag te doen. Met sy terugkeer op 22 April te Rehoboth het hy die onderhandelinge probeer hervat. Dieselfde dag het Bethe egter die onderhandelinge, wat hy as uitsigloos bestempel het, finaal laat vaar.⁵⁵

Dit was nie net bloot die weiering om regeringwapens in te lewer wat Bethe laat afsien het van verdere onderhandelinge nie. Die feit dat Duitse burgers deur Basters vermoor is, het die Duitse owerheid voor 'n nuwe situasie gestel.

8. Basters vermoor Duitse burgers

Terwyl die voorgaande drostery en saamsnoering van Basterkragte plaasgevind het, het die Basters van hulle kant probeer om die Duitsers in die Rehoboth-Gebiet te ontwapen. Pieter Mouton, een van die Basterleiers, het, nadat die Basters laer gevorm het, na Schliprivier gegaan en sy mense opgekommandeer om na die bergvesting Sam Kubis te vertrek. Die bedoeling was om hulle vrouens en kinders daar teen verdere Duitse aanvalle te beskerm. Nadat hy verneem het dat polisieersant Siegmann by Schliprivier-polisiestasie was, het hy en ses man daarheen vertrek om hom te ontwapen. In die proses is Siegmann gewond en het Pieter Mouton hom en nog 'n Duitser en sy vrou toegelaat om per wa na Gras te vertrek. Die Basters het vyf militêre gewere en twee rewolwers afgeneem.⁵⁶

Intussen het Cornelius van Wyk van sy besoek aan generaal Botha na sy plaas Garies, ongeveer 86 km suidwes van Rehoboth, teruggekeer. Kort daarna, waarskynlik op 19 April, het hy, in weerwil van die advies van Botha, aan Niklaas en Willem van Wyk opdrag gegee om die

53. T.G. Britz et al., *Ons Eeupees ...*, p. 42.

54. D. de Waal, *Report on the inquiry in regard to the German-Bastard question ...* p. 22.

55. H. von Oelhafen, *Der Feldzug ...*, p. 148.

56. D. de Waal, *Report on the inquiry in regard to the German-Bastard question* p. 27; K.F.R. Budack, "Der 'Bastardaufstand'...", p. 52.

Polizeiwachmeister Rudolf Rogge by Bulspoor te ontwapen. Volgens die getuienis van Niklaas van Wyk het Rogge hom verset en is hy doodgeskiet. Niklaas van Wyk het vanaf Bulspoor twee Namapolisiemanne, Fritz en Karab, na Ababis gestuur om Adam Heine, 'n Duitse plaasboer, te ontwapen.⁵⁷ Op pad daarheen het hulle, op 20 April, die Duitse boer Richard Putzier by Zais vermoor.⁵⁸ Om sesuur op die oggend van 21 April het die moordenaars by Ababis aangekom en ook Heine vermoor. Volgens die getuienis van Heine se vrou Anna het daar intussen ook vier gewapende Basters opgedaag. Hulle het haar meegedeel dat die moorde op Putzier, Rogge en Heine op bevel van kaptein Van Wyk plaasgevind het en dat hulle op pad was om ook die plaasboer Plugge in Noab te gaan doodmaak. Die Basters het al die vee geroof en haar beveel om na Garies te gaan.⁵⁹

In die daaropvolgende dae is ook sersant Otto Schubert en Max Hefner van Swartfontein, Georg Eberhardt van Weissenfels, Hermann Hörmann van Derm-Wes en Karl Bauer en sy gesin van Blumfelde vermoor.⁶⁰

Die sinlose moorde het die Duitse owerheid genoop om daadwerklike pogings aan te wend om sy onderdane teen die Bastergeweld te beskerm.

9. Die Duitse oorlogsverklaring en die daaropvolgende gevegte

Oberstleutnant Bethe het die Basterraad op 22 April 1915 skriftelik in kennis gestel dat hulle die Beskermings- en Vriendskapsverdrag van 15 September 1885 verbreek het, en dat hulle optrede as 'n daad van openlike vyandigheid beskou word: "The Imperial German Government is thereby forced, for the preservation of its rights, for the upkeep of peace and safety in the Protectorate, and for the protection of the life and property of subjects of the German Empire in German South-West Africa, and of all other persons under its protection, to take such measures as it may deem necessary, for the serious consequences of which the Bastard community of Rehoboth will be answerable."⁶¹

Dieselfde dag het Cornelius van Wyk hom op generaal Botha beroep met die versoek om versterkings na Rehoboth te stuur. Botha was egter vasberade dat die Basters nie verder by die oorlog betrokke moes raak nie en het soos volg op Van Wyk se versoek reageer: "I would like to repeat to you again with the greatest earnestness that you must not proceed with this war; rather retreat some distance with your cattle and your people."

Botha het hom dringend versoek om met die Suid-Afrikaanse magte, wat vanaf Berseba na Gibeon onderweg was, kontak te maak en sy mense en besittings na agter die Suid-Afrikaanse linies te verskuif.⁶²

Brigadier-generaal MacKenzie van die Suid-Afrikaanse magte is versoek om vanaf Gibeon met Van Wyk kontak te maak en hom en sy mense suidwaarts te verskuif. Voordat die boodskap

57. D. de Waal, *Report on the inquiry in regard to the German-Bastard question* ..., pp. 12, 30; H. Grimm, *Das Deutsche Südwest-Buch*, p. 384.

58. NAW ADM 37:323/6, Letter Officer i/c C.I.D. and Town Police-Officer commanding Military Constabulary, C.I.D. and Town Police, 18-02-1916, p. 2.

59. R.G. Britz et al., *Ons Eeufees* ..., p. 33; *Südwest (Extrablatt)*, 25-04-1915.

60. *Allgemeine Zeitung*, 21-09-1920; H. Grimm, *Das deutsche Südwest-Buch*, p. 380; H.E. Lenssen, *Chronik von Deutsch-Südwestafrika* ..., p. 242; *Südwest*, 29-04-1915; *Der Südwestbote*, 6-05-1915; NAW A566:2, Briefe des Oberleutnants Artur Schmitt der 7. (Kamelreiter-) Kompanie an seine Eltern, p. 39.

61. NAW SWAA 2/18/2 Unregistered Correspondence and Papers, Rehoboth Affairs. Copies of Correspondence and Legislation, 1872-1922, Letter Lieutenant-Colonel Bethe - Council of the Bastards of Rehoboth, 22-04-1915; U.G. 41-1926, *Rapport van die Rehoboth Kommissie*, p. 206.

62. SAW DC 1129:1558/9199, Letter Botha - Van Wyk, 28-04-1915; R. First, *South West Africa* (Middlesex, 1963), p. 90.

MacKenzie bereik het, het hy by die Duitse Magistraat van Maltahöhe wat beskerming teen die Basters gevra het, van die Basteropstand verneem.⁶³ Botha was daarvan bewus dat die Duitsers van voorneme was om noordwaarts te beweeg en vrouens en kinders in Windhoek agter te laat. Indien die Basteropstand verder sou uitkring, sou die Duitsers verplig wees om 'n toereikende mag agter te laat om die vrouens en kinders te beskerm. Dit kon dus die oorlogsituasie aansienlik beïnvloed.⁶⁴

Dieselfde dag waarop die oorlogsverklaring uitgereik is, het die Duitsers met hulle vergeldingsaanvalle begin. 'n Duitse afdeling onder Oberleutnant Hugo Bach het die Basters, wat ongeveer 300 man sterk was, by Rehoboth aangeval. Die Basters is in die rigting van Heuras (ook Neuras genoem) teruggedryf, maar omdat die Duitsers nie berede was nie, kon hulle die sukses nie opvolg nie.⁶⁵

'n Kompanie onder bevel van Oberleutnant Remanofsky het op 23 April⁶⁶ 'n Basterkonvooi bestaande uit ses waens en 'n kapkar by Heuras aangeval. Die konvooi was op pad na Sam Kubis. Gedurende die geveg is Frederik Keikop en die agtienjarige dogter van Christian Vrij gedood, terwyl Jan Witbooi en Willem Keikop gewond is. Die Duitsers het al die waens verbrand en die vee doodgeskiet. Die Basters wat kon ontsnap, het enkele dae later by Sam Kubis aangekom.⁶⁷

'n Duitse afdeling onder bevel van Hauptmann Seydel, wat vanaf Mariental per spoor na Rehoboth onderweg was, het op 23 April by halte Uitdraai 'n groot Basterkonvooi aangeval. Dié konvooi, wat van Bloemputz na Sam Kubis op pad was, het bestaan uit 32 gewapende en sommige ongewapende Basters, 42 ossewaens, agt kapkarre, meer as vyftig gesinne en 'n groot aantal groot- en kleinvee. Die Basters was besig om die spoorlyn van oos na wes oor te steek toe die Duitsers op hulle afgekom het. Die geveg het sowat twee uur geduur. Die meeste Basters het egter daarin geslaag om met hulle waens te ontvlug.⁶⁸ Die Duitsers het twaalf waens verbrand en ongeveer 800 stuks grootvee en 'n paar duisend kleinvee gebuit.⁶⁹

Die Vyfde Reserwekompanie het na die aanval op Heuras na Rehoboth teruggetrek. Gedurende die terugmars het hulle in die nag van 23 en 24 April by Kabirab op die konvooi wat tydens die aanval te Uitdraai ontvlug het, afgekom. Na 'n kort skietgeveg en onder groot verwarrring het die Basters na die berge gevlug. Die Duitsers het die ossewaens en kapkarre, wat gedeeltelik met wapens en ammunisie gelaai was, verbrand en die trekosse en vee doodgeskiet.⁷⁰

Op 24 April 1915 is Hauptmann Graf von Saurma-Jeltsch as aanvoerder in die verdere veldtog teen die Basters aangewys. Die volgende dag het hy vanaf Rehoboth met sy opmars na Sam Kubis, waar die Basters hulle gereed gemaak het om 'n finale Duitse aanslag af te weer, begin.⁷¹ Gedurende die Duitse opmars het die Basters in 'n rivier naby Konub 'n hinderlaag opgestel en Feldwebel Siegeler, Gefreiter Kuhr en Leutnant von Milkau het gesneuwel. Laasge-

63. PRO CO 551:72, Daily Bulletin no. 206, 3-05-1915; Telegram Governor General of the Union of South Africa - Secretary of State for the Colonies, 4-05-1915.

64. PRO CO 551:72, Telegram Governor General - Secretary of State for the Colonies, 4-05-1915.

65. K.F.R. Budack, "Der 'Bastardaufstand' ...", p. 55.

66. Volgens die De Waal-verslag (kyk p. 12) het dié geveg reeds op 22 April 1915 plaasgevind. Sowel H.E. Lenssen (p. 241) as H. von Oelhafen (p. 148) dui egter 23 April as die korrekte datum aan.

67. D. de Waal, *Report on the inquiry in regard to the German-Bastard question* ..., pp. 12-13, 22-23; *Südwest (Extrablatt)*, 25-04-1915; *Der Südwestbote*, 26-04-1915.

68. R.G. Britz et al., *Ons Eeufees* ..., p. 35; H.E. Lenssen, *Chronik von Deutsch-Südwestafrika* ..., p. 241; H. von Oelhafen, *Der Feldzug* ..., p. 148.

69. H.E. Lenssen, *Chronik von Südwestafrika* ..., p. 241; H. von Oelhafen, *Der Feldzug* ..., p. 148.

70. D. de Waal, *Report on the inquiry in regard to the German-Bastard question* ..., pp. 13, 24.

71. H. von Oelhafen, *Der Feldzug* ..., p. 150; H.E. Lenssen, *Chronik von Südwestafrika* ..., p. 242.

noemde wat swaar verwond was, is koelbloedig deur Jakobus Beukes, 'n voormalige Bastersoldaat, vermoor.⁷²

'n Duitse afdeling onder bevel van Hauptmann Hensel het op 3 Mei by Klein Aub die geleedere van Saurma-Jeltsch versterk. Die volgende dag het hulle met 'n groep Basters, wat in die berge by Garies geskUIL het, slaags geraak. Agtien Basters het tydens dié geveg gesneuwel.⁷³

Kaptein Cornelius van Wyk het as voorsorgmaatreeël sy vrou en hulle vyf kinders, asook die vrouens en kinders van Stoffel en Frederik van Wyk, op 'n berg naby sy plaas Garies laat skuil. Op 4 Mei het 'n Duitse patrollie onder Oberleutnant von Woikowsky⁷⁴ op hulle afgekom. Twee kinders en die vrou van Stoffel van Wyk is doodgeskiet. 'n Volwasse dogter van die kaptein wat wou ontsnap, is ook doodgeskiet. Later, volgens die kaptein se vrou Sara, is hul agtienjarige seun Hermanus van die groep weggeneem en tereggestel. Die Duitse soldate het die res van die groep tot by Leutwein-stasie geneem waar hulle op 13 Mei vrygelaat is.⁷⁵

10. Die slag van Sam Kubis, 8 Mei 1915

Sam Kubis, ongeveer vyftig kilometer suidwes van Rehoboth, is 'n natuurlike feitlik oninneembare bergvesting: 'n sirkel van berge met 'n enkele ingang van 'n paar honderd meter wyd. Met die uitbreek van vyandelikhede het die Basters in aller yl daarheen gevlug.⁷⁶

Vroeg in Mei 1915 was tussen 700 en 800 Basters by Sam Kubis verskans.⁷⁷ Die Duitsers, wat van twee kanonne en drie maxim-masjiengewere gebruik gemaak het,⁷⁸ het teen 06:00 op 8 Mei tot die aanval oorgegaan. Die Vierde Reserwekompanie het vanaf die ooste en suide aangeval, en die Vyfde Reserwekompanie van die teenoorgestelde kant af.⁷⁹

Die Basters het hulle dapper verdedig, maar hulle ammunisie was onvoldoende. Tot groot verligting van die Basters het die Duitsers met sonsondergang hulle aanval gestaak. Die volgende oggend het 'n Duitse patrollie onder Leutnant L. Stark daar aangekom met die nuus dat die militêre pos by Nauchas, weens die opmars van die Suid-Afrikaners, ontruim moes word. Kort daarna het Hauptmann Graf von Saurma-Jeltsch ook die bevel ontvang om na Rehoboth terug te trek. Aan Duitse kant het drie onderoffisiere en twee weermanne gesneuwel, terwyl nege man gewond is.⁸⁰ Die Basterverlies was groot: in een van die verwerde skanse het die Duitsers sewentien gesneuwelde Basters aangetref.⁸¹

-
72. H. von Oelhafen, *Der Feldzug ...*, p. 150; R. Hennig, *Deutsch-Südwest ...*, p. 223; H. Grimm, *Das deutsche Südwest-Buch*, p. 389; *Südwest (Extrablatt)*, 8-05-1915; NAW A566:2, Briefe des Oberleutnants Artur Schmit der 7. (Kamelreiter-) Kompanie an seine Eltern, p. 47.
 73. H. von Oelhafen, *Der Feldzug ...*, pp. 151-152; NAW A566:1, *Der Feldzug in Deutsch-Südwestafrika 1914/15*, p. 89.
 74. H. von Oelhafen, *Der Feldzug ...*, p. 152.
 75. NAW ADM 137:C16, Statement by C. van Wyk, 17-09-1915; Report Lieutenant T. Swanson - Adjutant 3rd S.A.M.R., 26-09-1915; D. de Waal, *Report on the inquiry in regard to the German-Bastard question ...*, pp. 14, 18, 24-25.
 76. D. de Waal, *Report on the inquiry in regard to the German-Bastard question ...*, p. 12.
 77. H. von Oelhafen, *Der Feldzug ...*, p. 153; NAW A566:1, *Der Feldzug in Deutsch-Südwestafrika 1914/15*, p. 89.
 78. SAW DC 1129:1558/9199, Statement by chief Van Wyk and Bastard Raad, Rehoboth, 10-05-1916, pp. 2-3; CD 9146, Union of South Africa, *Report on the natives of South-West Africa ...*, p. 130.
 79. H. von Oelhafen, *Der Feldzug ...*, p. 153; NAW A566:1, *Der Feldzug in Deutsch-Südwestafrika 1914/15*, p. 90.
 80. R. Hennig, *Deutsch-Südwest ...*, pp. 224-225; H. von Oelhafen, *Der Feldzug ...*, pp. 153-154; *Cape Times*, 6-04-1925.
 81. H. von Oelhafen, *Der Feldzug ...*, p. 154.

Vir die Basters was die aankoms van die Suid-Afrikaanse magte in die Rehoboth-Gebiet, onder aanvoering van brigadier-generaal MacKenzie, tydlig, want dit het die Duitsers genoodsaak om terug te trek en só verhoed dat die Basters by Sam Kubis uitgewis word.⁸² Die Basters het die skielike onttrekking van die Duitsers, juis toe hulle op die punt was om die Basters die finale slag toe te dien, as 'n direkte ingryping van God beskou. Sam Kubis-dag word jaarliks nog met groot entoesiasme gevier en is deur die Basterraad tot openbare vakansiedag verklaar.⁸³ Tydens dié feesvieringe word die sogenaamde gelofte van Sam Kubis,⁸⁴ wat sterk ooreenkomste toon met die gelofte van Bloedrivier, deur die feesgangers afgelê.

Die Basters het na die slag van Sam Kubis versigtig na Rehoboth begin terugkeer. Dirk van Wyk, een van die Basterleiers, het na die geveg by Sam Kubis verskeie mense, onder wie ook Namas, opdrag gegee om alle Duitsers wat hulle in die hande kon kry te vermoor. 'n Direkte uitvloeisel hiervan was die moorde op die plaasboere Eduard Wenzel te Achaubmund en Karl Herrmann te Rothenstein.⁸⁵

Enkele Duitse soldate is ter beskerming van die blanke bevolking op die plase Oamites, Haigamas, Gochaganas en Aris geplaas. By stasie Klein-Nauas is negentien man onder bevel van Leutnant Aschenborn ontplooi. Hulle is bygestaan deur 22 gewapende burgerlikes en moes as buffer teen die gewapende Basters dien. Met die aankoms van die Suid-Afrikaners vanuit die Suide is ook dié poste op 23 Mei ontruim.⁸⁶ Die Duitse inwoners van Rehoboth en die plaasboere van die Rehoboth-Gebiet, wat in opdrag van die Duitse owerheid na Windhoek gegaan het, se huise en plase is deur die terugkerende Basters geplunder, en al hulle vee geroof.⁸⁷ Sels die huise van die Rehoboth-sendelinge Blecher en Schröer het deurgeloop.⁸⁸

Die omvangryke bloedvergieting en vernietiging en roof van eiendom deur sowel die Basters as die Duitsers het die Rehoboth-Gebiet in chaos gedompel, namelose ellende veroorsaak en langdurige wrokgevoelens ontketen.

11. Wie moet die blaam dra?

Generaal Botha, wat Windhoek op 12 Mei 1915 sonder slag of stoot ingeneem het,⁸⁹ was begerig dat die situasie in die Rehoboth-Gebiet so spoedig moontlik moet normaliseer. Kolonel H. Mentz is gevolglik na Rehoboth gestuur waar hy met Pieter Mouton, een van die Basterraadslede, en ander Basterleiers samesprekings gevoer het. Hy het die Basters versoek om na hulle huise terug te keer en het hulle verseker dat hulle niks van die Duitsers hoef te vrees nie, aangesien die Suid-Afrikaners in beheer was van Windhoek vanwaar hulle gereeld patrollies na die Suide sou stuur. Die Basters kon na hulle verlore vee gaan soek maar moes die nodige toestemmingsbrief van die Basterraad verkry. Hy het hulle dringend versoek om verdere

82. U.G. 41-1926, *Rapport van die Rehoboth Kommissie*, p. 44; O. von Weber, *Geschiede des Schutzgebietes ...*, p. 220.

83. R.G. Britz et al., *Ons Eeupees ...*, p. 24; *Die Suidwester*, 5-05-1981.

84. Uit die navorsing kon nie vasgestel word wanneer en deur wie die gelofte opgestel is nie. Dit het waarskynlik eers ná die slag van Sam Kubis die lig gesien. Kyk F.J. Strydom, "Die musiek van die Rehoboth Basters" (D.Phil., Universiteit van Stellenbosch, 1983), pp. 79-80.

85. NAW LRE 1/1/1, Criminal cases, Rex versus Willem, alias Harip and eleven others, A1-A3, A16; *Allgemeine Zeitung*, 21-09-1920.

86. O. von Weber, *Geschiede des Schutzgebietes ...*, p. 221; NAW A566:2, Briefe des Oberleutnants Artur Schmitt der 7. (Kamelreiter-) Kompanie an seine Eltern, p. 40.

87. *Allgemeine Zeitung*, 21-09-1920.

88. K.F.R. Budack, "Der 'Bastardaufstand' ...", p. 61.

89. *The Times*, 10-07-1915; H.E. Lenssen, *Chronik von Südwestafrika ...*, p. 243.

konfrontasie met die Duitsers te vermy. Indien 'n Baster van sy vee by 'n Duitse boer sou aantref, moes hy dit onverwyld in Windhoek aanmeld, waarna 'n patrollie uitgestuur sou word om die nodige ondersoek te gaan instel. Mentz het verder belowe dat 'n raad of kommissie te gelegener tyd na Rehoboth gestuur sou word om die Baster-Duitse kwessie te ondersoek.⁹⁰

Soos belowe, het luitenant-kolonel D. de Waal die Rehoboth-Gebiet in Junie 1915 besoek om ondersoek in te stel na die oorsake van die Basteropstand.⁹¹ In sy verslag, wat hy reeds vroeg in Julie 1915 voltooi het, het hy die blaam vir die Basteropstand vierkant op die skouers van die Duitsers geplaas: "To whom is to be ascribed the cause of all this? ... Who is responsible for this reckless slaughter and destruction? To my mind there is but one answer to these questions. ... The Bastards are a peaceful race and they strike me as a people who would in no [way] abandon themselves to acts of violence ..."⁹²

De Waal se analise van die gebeure is egter sterk verdag. Sy verslag is sonder twyfel die produk van 'n tydvak toe skerp negatiewe gevoelens jeens die Duitsers gekoester is. Só byvoorbeeld is die oorgrote meerderheid van die getuienis waarop sy bevindinge berus, deur Basters gelewer. Trouens, slegs enkele getuienisse deur Duitsers is in die verslag vervat. Die Militêre Verdrag van 1895, op grond waarvan hy die Basters se militêre verpligtinge kon vasstel, figureer hoegenaamd nie in die verslag nie.

Die Basters se vrees dat hulle hul grondgebied en reg tot selfbestuur kon verloor indien hulle die Duitsers aktief sou steun, kan as die hooforsaak van die opstand beskou word. Die Basters het weer eens, soos in die verlede tydens die Herero-Nama-Oorlam-botsings en ook later met die koms van die Duitsers, daarin geslaag om die wenkant te kies.

Die Duitse magte is in die Noorde deur die Suid-Afrikaners omsingel en tot oorgawe gedwing.⁹³ Die vredesonderhandelinge het vanaf 4 tot 9 Julie 1915 plaasgevind.⁹⁴ Op 9 Julie 1915 is die Duitse siviele administrasie in Suidwes-Afrika formeel beëindig, nadat goewerneur Seitz en Obersteleutnant Franke generaal Botha se billike vredesvoorwaardes by Kilo 500 op die spoorlyn tussen Otavi en Khorab onderteken het.⁹⁵ Die Suid-Afrikaanse Regering het na die Vrede van Khorab formeel die bestuur van Suidwes-Afrika oorgeneem en die gebied onder krygswet geplaas.⁹⁶

Deur hierdie veranderde toedrag van sake is die grondwetlike posisie van die Bastergemeenskap en vanselfsprekend die Rehoboth-Gebiet opnuut onder die soeklig geplaas. Die bestuur en status van die *Gebiet* tydens die Unie se Militêre Bestuursperiode (1915-1920) vorm egter 'n nuwe hoofstuk in die veelbewoë geskiedenis van die Bastervolk en is 'n afsonderlike studie waardig - soos in 'n opvolgartikel beoog word.

90. NAW LRE 3/1/1:66/16, Brief kolonel H. Mentz - Kaptein C. van Wyk, 24-05-1915.

91. D. de Waal, *Report on the inquiry in regard to the German-Bastard question ...*, p. 6.

92. D. de Waal, *Report on the inquiry in regard to the German-Bastard question ...*, pp. 14-15.

93. SAW DC 728: DB 1432/9199, Minute 850, 9-07-1915; *The Times*, 12-07-1915.

94. T. Seitz, *Südafrika im Weltkriege. Der Zusammenbruch in Deutsch-Südwestafrika. Die Politik der Südafrikanischen Union während des grossen Krieges* (Berlin, 1920), p. 48.

95. PRO CO 551:74, Telegram Governor-General of the Union of South Africa - Secretary of State for the Colonies, 10-07-1915; SAW DC 728:DB1432/9199 (sublêer DB 24/1432/Z), Minute 850, 9-07-1915; *The Times*, 12-07-1915; NAW A566:2, Briefe des Oberleutnants Artur Schmitt der 7. (Kamelreiter-) Kompanie an seine Eltern, pp. 63-66.

96. *Official Gazette of the Protectorate of South West Africa*, 13-08-1915, pp. 1-2.